VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

19 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #2B

Geliefde Gemeente,

Ons as gemeente wil hiermee, Ds. J. Wills met sy geestelike verjaarsdag gelukwens. 28 Jaar gelede het ek teenoor hom die evangelie aangebied. Hy was 21 jaar oud en het kragdadig tot bekering gekom. Ek is dankbaar teenoor die Here dat Sy bekering: verlossing, toewyding en oorwinning ingesluit het.

Ek glo dit is van pas, om by hierdie aansluiting, weer eens ons aandag te vestig aan die **diepgang van ons bekering**.

Daar is 'n Nuwe Testamentiese beginsel, waarvan die belangrikheid, deurgaans 'n werklikheid moet wees, naamlik: **BALANS TUSSEN VERSTAND EN GEES** – ***1 Kor. 14***. Hierdie balans in sy diepste wese en inhoud, is bepalend ten opsigte van die volgende:

- Sekerheid van saligheid;
- Geloofsgehoorsaamheid:
  d.w.s. wat betref erns, toewyding, en verootmoediging.
- Verlossing en oorwinning;
- Aanbidding ten opsigte van Sakramentsbediening, lofsang, aalmoese, tiendes en dankoffers;
- Om 'n getuie van lig te wees – ***Joh. 12:36***.

**Wat saligheid betref**:

Dit is absoluut noodsaaklik om die evangelie te verstaan – ***1 Joh. 5:20*** *"En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe."* Dus, is die evangelie-aanbieding so ingeklee: om die duidelikheid; die perspektief en die geloofwaardigheid, as grondslag te laat dien. Dit is uiters noodsaaklik dat die evangelie nie onsamehangend aangebied word nie, en terselfdertyd daarteen te waak dat dit ontaard in die opsê van 'n resitasie. In plaas daarvan moet die evangelie – **Jesus Christus** – deur die kragwerking van die Heilige Gees gloeiend deur jou sal uitstraal, na wie ook al luister. Die Gawe van die ewige lewe moet geopenbaar word, nie geresiteer word nie.


15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Daarvoor het jy die salwing van die Heilige Gees nodig, want dit is die Heilige Gees wat die oortuigingswerk doen. Dit sal die toehoorder in staat stel ***"om Jesus Christus te ontvang"*** – ***Joh. 1:12.***

**Geloofsgehoorsaamheid**:

Is 'n deurlopende vereiste wat jou in staat stel om met God te wandel.

- Dit vra chronologiese treë – *1 , 2 , 3 , 4 , ens*.
- Dit vra om in jou bediening nie te stagneer nie, om te wandel in God.
- Dit beteken 'n *"reis"* – wat die res van jou lewe sal voortduur. Om in die lig te wandel – ***1 Joh. 1:7; Ps. 36:10*** *"In U lig sien ek die lig"* – hierdie wandel is 'n allesomvattende **aksie** wat jou totale lewe insluit. Om te verstaan dit is nie hy wat begin nie, maar dit is hy wat volhard tot die einde toe – ***Matt. 24:13***. Elke tree is **beslissend**; elke tree getuig van 'n **besluit**; elke tree **spreek van 'n rigting**. Wanneer die besef tot jou deurdring, dat jy jou erfdeel in besit neem. Jy is nie 'n geestelike *"sak bene"* wat op 'n hoop lê nie.

**Verlossing en oorwinning**:

Kennis en insig aangaande die **BLOED VAN JESUS**, is vaag en onbeduidend. Die bloed is 'n getuie wat van die aarde af roep – ***1 Joh. 5:8***. Ons lees in ***Ef. 1:7*** en ***Kol. 1:14 "in Hom het ons die verlossing deur Sy bloed." 1 Joh. 5:6*** *"Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het".* Christus het ons met **Sy bloed gekoop** – ***Open. 5:9***. Ons oorwin die magte van die duisternis deur die bloed van Jesus Christus – ***Open. 12:11***.

**Aanbidding ten opsigte van finansies**:

Ek gaan nie met u praat oor die Sakramentsbediening of oor lofsang nie, omrede ek glo elkeen van ons 'n redelike begrip rondom beide het. Waaroor ek graag met u wil praat, is oor **finansies**. Dit is interessant om daarop te let, dat in Christus se omwandeling, Hy *500 keer* oor *geloof,* en *2500 keer* oor *finansies* gepraat het. Finansies was en is nog steeds die barometer, om te bepaal wie koning in ons lewe is.

Ons moet verstaan dat finansies die volgende bedieningstrukture insluit:

- **Aalmoese**:
  d.w.s armsorg-werk: die gee van geld aan bedelaars.

- **Offergawes**:
  Enige geld aan enige spesiale projek, spesiale oproep ter wille van spesifieke aangeleenthede, word deur offers gefinansier.



15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

- Dit bring ons by die belangrike aspek van **TIENDES**:

  Die gee van tiendes het niks met die wet te doen nie, is nie deel van die Sinai-wet nie en mag dus nie aan die wet gekoppel word nie, omdat die eerste tiendes waarvan ons kennis dra; 400 jaar voor Sinai gedoen was – ***Gen. 14:20*** *"Toe gee hy hom die tiende van alles."* ***Gen. 14: 22*** *"Ek hef my hand op tot die HERE, God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde,"* ***Gen. 14:23*** *"dat ek geen draad en geen skoenriem, ja, dat ek niks sal neem van alles wat uwe is nie, sodat u nie kan sê nie: Ek het Abram ryk gemaak."* ***Heb. 7:4*** *"Let nou op hoe groot hierdie man was, aan wie selfs Abraham, die aartsvader, 'n tiende van die buit gegee het."*

  Daar is 'n absolute teologiese beginsel, dat dit wat voorskriftelik in die Ou Testament was en nie deur die Nuwe Testament gekanselleer is nie, 'n bevestigde waarheid en blywende riglyn is – soos byvoorbeeld hoerery en afgodery. Tiendes is in die Nuwe Testament nie herroep nie, inteendeel het Jesus dit bevestig in ***Luk. 20:25*** *"Toe sê Hy vir hulle: Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom*." ***Matt. 23:23*** *"Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat."*

  Jesus Christus herbevestig dus die gee van tiendes.

  Waarom is tiendes noodsaaklik? Omrede dit 'n **wyse van aanbidding** is en deur **God verordineer** is.

  In ***Lev. 27:31*** word 'n vyfde deel van die tiende, op alle agterstallige tiendes vereis.

**Om 'n getuie van lig te wees**:

- Lig het nie gemeenskap met die duisternis nie – ***2 Kor. 6:14***.
- Lig word nie deur die sekulêre wêreld bepaal nie, maar deur die Gees van God gehandhaaf.
- Lig het die duisternis uitgeklee en tentoongestel – ***Kol. 2:15***.
- Lig heers oor alles, wat in die duisternis vasgevang is.
- Die lig mag nie onder 'n bed – d.w.s. gemaksugtigheid – verberg word nie. Ewe eens word lig ook nie onder 'n maatemmer – materialisme, en die liefde vir geld – verberg nie – ***Matt. 5:15.***
- Lig word op 'n staander geplaas – ***Matt. 5:15***.
- Dit is God se verordineerde wil dat ons ***"seuns van die lig"*** sal wees – ***Joh. 12:36***.


15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Dr. George Daneel – emeritus predikant van die N.G. Kerk – het in sy outobiografie die volgende stelling gemaak: dat Christus nie net ons Saligmaker moet wees nie, maar ook ons Heer en Meester met **volle seggenskap** oor alles in ons lewens. Sy vrou – Joey – het hieroor geen twyfel gehad nie en tot-en-met haar dood op 22 Mei 1998, was dit die getuienis van haar lewe. Sy is in Franschhoek langs die Hugenote-monument begrawe.

Seënbede,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar



15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335